WERK EN WEN
1905

Tralie Vara

OKTOBER 2018 · JAARGANG 46
WENNERS VAN DIGITALE SKOOLKOERANT 2018
Volksblad se Skoolkoerantkompetisie


3

NUUS: Vrygewige Tralies skenk klere


3

NUUS: Graad 9's trotseer die modder


5

KULTUUR: Dansbonanza vermaak


8

SOSIAAL: Matrieks klink 'n glasie


10

SPORT: Netbal kraai weer koning!

Toernooi bied blootstelling

Wesgrow ploeg terug in die gemeenskap met nuwe Sentrale Skolereeks



Sportkapteine in hulle noppies met die verowerde bekers tydens Wesgrow Sentrale Skolereeks. ***FOTO: Leopoldt Woityczka***

JESSICA ONDERSTALL

Die *Wesgrow* Sentrale Skolereeks is vanjaar vir die eerste keer aangebied. Hierdie sportreeks het hoërskole, wat binne die grense van Griffons-, Vrystaat- en Griekwa hoërskoolverenigings val, ingesluit.

'n Minimum van agt skole het aanvanklik aan die reeks deelgeneem. Leerders van alle ouderdomme, en alle spanne het dus nou in rugby, hokkie en netbal teen die ander betrokke skole gekompeteer. Daar was twee groepe van vier skole elk wat teen mekaar meegeding het.

Elke skool het drie wedstryde in groepsverband gespeel. Daarna het 'n half- en eindstryd vir al agt skole plaasgevind. Vanjaar het bg. in Bloemfontein plaasgevind, en daarna sal dit roteer. Wenners is algeheel as skool, maar ook per sportkode aangewys.

Mnr. Riaan van Straten (rugby-direkteur) is van mening dat die reeks baie voordelig is omdat Sentraal die geleentheid kry om te verbeter deur teen sterk sportskole kragte te meet. Al die spanne is belangrik, want al die punte word in berekening gebring. Van Straten sê: "Selfs derdespanne kan nou 'n verskil maak tussen wen of verloor."

Mnr. Dirk Pretorius (Traliebond) is van mening dat die belangrikheid van die reeks vir hulle in deelname van alle leerders lê aangesien dit al hoe moeiliker is vir B- en C-spanne om wedstryde te speel. "Ons hoop dat die reeks kinders sal aanmoedig om deel te neem, en dat hulle sal besef dat alle punte wat deur jou skool verdien word, die verskil kan maak tussen wen en verloor," sê hy. Verder is Pretorius van mening dat die reeks ook belangrik is om skole met dieselfde getalle en samestelling teen mekaar te laat deelneem. Dit skep ook die geleentheid aan meer plattelandse skole om ook aan interskoolse geleenthede deel te neem.

Mnr. Gerhard Posthumus (*Wesgrow*) sê verder dat hulle graag aan die plaaslike gemeenskap waarby *Wesgrow* betrokke is iets wou teruggee. Hulle wou groter deelname aan rugby, netbal en hokkie aanmoedig, en sodoende aan dié leerders erkenning gee vir hulle deelname.

Posthumus sê hulle doelwit is dat ander skole met dieselfde grootte en behoeftes aan die reeks moet deelneem. Die einddoel is om die reeks uit te brei na 'n sterker plattelandse reeks.

Die debuutreeks wat by Sentraal plaasgevind het, het die volgende uitslae opgelewer: Die Hoërskool Sentraal wen die netbalbeker, die hokkiebeker is opgeraap deur die Hoërskool Jim Fouché, en die rugbybeker is deur die Hoërskool Voortrekker in Bethlehem ingepalm. Sentraal en JF eindig egter gelykop en deel dus die algehele 1e-plek.

Mnr. Pretorius en mnr. Posthumus het op Maandag 15 Oktober, gedurende 'n saalperiode, die bekers aan mnr. Anton Janse van Rensburg (skoolhoof) oorhandig.

Sentraal helde maak ’n groot verskil

Loslitdag fokus op ‘everyday heroes’ ten bate van gestremdes

NEDINE THERON

Loslitdag het vanjaar gesorg vir ’n dag waar die Tralies gemaklik, formeel of sommer net verspot kon aantrek, en die amptelike Loslitdagplakker kon dra.

Loslitdag is die land se heel grootste fondsinsamelings- en bewusmakingsprojek vir persone met gestremdhede.

Die Tralies het vanjaar die tema *Everyday hero* uitgebeeld deur soos hul gunsteling held of heldin aan te trek. Vir ’n verandering kon almal vir een dag die protagonis wees en ’n verskil in ander se lewens maak.

Tydens ’n kompetisie, om die kreatiefste kostuum aan te wys, het die leerders en onnies mekaar die stryd aangesê.

Charné Theron (gr.11) het gewen met die uitbeelding van haar unieke kostuum wat verskillende droomkarakters uitgebeeld het. Vuurwarm op Charné se hakke was Luhané Jordaan (gr.9) as ’n brandweervrou en in die 3e-plek het die Tralies hul eie *Super Teachers* gehad.

“Toe ek nog op skool was, was my geskiedenis juffrou soos ’n superheld vir my. Juf O’Neill het altyd die ekstra myl geloop om die vak interessant aan te bied,” sê een van die *Super Teachers* me. Lindie Potgieter.

Die geld wat Sentraal ingesamel het, gaan oudergewoonte aan Tswellang Spesiale Skool vir gestremdes in Bloemfontein. Hierdie skool gebruik die fondse na goeddunke om die behoeftes van die gestremdes aan te spreek.

“Dit is vir Sentraal ’n eer om ’n verskil te kan maak in die lewens van hierdie leerders. Hierdie onbaatsugtige bydra maak van elke Sentraalleerder ’n held,” sê me. Gerda Spies (bemarking).



Charné Theron in die wolke toe haar kostuum as die kreatiefste aangewys is. ***FOTO: Leopoldt Woityczka***

Sterretjies skitter helder

BRINKE VAN DER MERWE

Die *Ek-is-’n-ster*-projek het vanjaar Carli van Straten en Aobakwe Seanne, se drome help waar maak.

Die projek is in 1997 deur me. Marlene Jooste gestig om te verseker dat baie kinders van reg oor die land se laaste drome waar kan word. Dit is vanjaar die 13e agtereenvolgende jaar dat die Hoërskool Sentraal die projek aangepak het.

Die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) het koekverkopings gehou om sodoende geld vir Carli en Aobakwe in te samel.

Carli (3) is vier maande te vroeg gebore. Sy is kort daarna met vier hartsiektes gediagnoseer. Carli het reeds verskeie operasies ondergaan en dié geld gaan gebruik word vir ’n groot operasie wat aan die einde van die jaar vir haar voorlê.

Aobakwe is met tipe een diabetes gediagnoseer. Hy moet 4 keer per dag ingespuit word om sy suikervlak te stabiliseer. Danksy Sentraal sal hy sy droom om per helikopter na ’n wildsplaas te vlieg bewaarheid.

Me. Anesta Smal (aktiwiteitshoof) en Tjaart van der Walt (VRL-voorsitter) het seker gemaak die projek loop seepglad. Me. Smal meen: “Die kindertjies se siektes het my as ’n ma diep geraak. Ek glo dat elke Tralie ’n verskil in hulle medemens se lewe kan maak.”

Naas dié projek kon die Tralies op 16 Oktober teen slegs R10 gewone klere aantrek. Die geld wat geïn is, is ook aan die Van Straten gesin geskenk met die oog op Carli se groot operasie. Die onnies het ook gedeel in die pret en op hul beurt soos skoliere aangetrek.

“Dankie vir almal se ondersteuning. Dit maak ’n mens se hart warm om te sien dat die jeug onbaatsugtig ’n bydrae gemaak het vir ’n klein dogtertjie in moeilike omstandighede,” sê mnr. Riaan van Straten (pa).

Jeugberaad 2018 slyp die leiers van môre

FRANCO SMIT

Die Hoërskool Sentraal se Akademiese Vereniging (AV) het vanjaar vir die 18e agtereenvolgende jaar die prestige jeugberaad aangebied.

Meer as 220 leerders van 30 skole regoor die Vrystaat het vanjaar dié spoggeleentheid bygewoon.

Die AV bestaan uit die top tien leerders van graad 10-12. Die AV se visie is om die akademiese welstand en toekoms van die skool te bevorder, en is o.a. verantwoordelik vir die jaarlikse jeugberaad.

Die tema was vanjaar: *Never give up*. Elsje Neethling, motiveringspreker en suster van Olimpiese swemmer Ryk Neethling, het haar tragiese dog inspirerende storie met die leerders gedeel.

Elsje is op die ouderdom van 13 met kanker gediagnoseer, en is meegedeel dat sy moontlik nog net twee maande sou leef. Nou, op die ouderdom van 38, leef Elsje vir elke oomblik. “Die belangrikste is om nooit handdoek in te gooi nie – dit maak nie saak wat jou omstandighede is nie,” sê Elsje.

’n Besprekingspunt soos bv. *behoort aborsies in Suid-Afrika wettig te wees?* is tydens die beraad beredeneer, waar leerders hulle opinie rakende dié kwessie kon lug. Pieter van Jaarsveld, verteenwoordiger van die Universiteit van die Vrystaat, het die leerders later ook oor belangrike leierseienskappe in die moderne samelewing ingelig.

’n Steekproef is ook onder die besoekers uitgevoer wat baie meer as nét hulle algemene kennis getoets het. Vrae soos: “*wie het die eerste sokker wêreldbeker gewen?*”, “*hoeveel Monopoly dollars is daar in die spel van Monopoly?*” en kopkrappers soos “*wat is die wêreld se grootste getal met ’n naam?*” het die kaf behoorlik van die koring geskei.

Vernon Barnard (deelnemer aan die eerste reeks van *The Voice South Africa*) het die gehoor vermaak. Barnard het die leerders gaande gehad deur bekende liedjies van Ed Sheeran, Calum Scott en treffers van sy album *Deur jou oë* te sing.

Barnard is van mening dat die jeugberaad ’n groot aanwins vir die toekoms van die jeug van Suid-Afrika is. Dit bied ’n geleentheid aan jong mense om hulle menings te evaluleer en deel te wees van die evolusie van die land.

Mnr. William Loots, aktiwiteitshoof, meen die jeugberaad was vanjaar weer ’n reuse sukses. “Die jeugberaad het positiewe reaksie ontlok vir die wyse waarop dit beplan en uitgevoer is,” het Loots gesê.



Barnard vermaak die gehoor tydens jeugberaad. ***FOTO: Leopoldt Woityczka***

PROFIEL

Baie klein begin maar groot gewin

JANÉ APPEL

Elsabé van Jaarsveld, matrikulant aan die Hoërskool Sentraal (1968), was lid van die Tralie Varia redaksie wat van die vroegste gedrukte eksemplare die lig laat sien het.

Wat was u verantwoordelikheid by die koerant?

Ek was betrokke by die uitleg en die tik van die koerant.

Hoeveel lede was by die koerant betrokke?

Vyf leerders en een onderwyser naamlik: Jurie van Rensburg, Ina Kruger, Connie van der Walt, Nico Vermaak en ek. Mnr. Stoffel Ellis was die redakteur.

Hoe het die eerste koerante gelyk?

Die koerant is op ’n folio grootte wasvel, ’n raps groter as ’n A4, getik. Daar was nie kopieërmasjiene of kleurdrukkers in daardie jare nie, dus moes al die afrolvelle van die koerant per hand versamel word. Die foliovelle is nie gevou nie, maar net bo links vasgekram.



Elsabé van Jaarsveld (1968). ***FOTO: Argief***

Was die inhoud van die koerant geskoei op ernstige nuusgebeure of meerendeels skindernuus?

Dit was meestal brokkies nuus van sportgebeure, leerders wat besonder presteer het, alledaagse stories wat in die skoolgange vertel is en ook kysstories.

Is u nog by joernalistiek betrokke?

Vir die afgelope twee jaar is ek ook een van die proeflesers by die Willem Postma Primêre skool se skoolkoerant, O’Kulis. Daar benewens was ek nie weer by joernalistiek betrokke sedert die Tralie Varia nie.

Watter beroep beoefen u nou?

Ek is die eienares van ’n hondehotel en créche *Canine Kanaän* in Bloemfontein. Ek was vir 30 jaar by onderwys betrokke waarvan die laaste 20 jaar by Willem Postma was.

Watter gevoel wek dit by u as u van die prestasies wat die Tralie Varia behaal het, hoor?

Die wete dat iets wat baie klein begin het, en gegroei het tot ’n formidabele skoolkoerant, maak my trots.

Warm harte wat omgee vir medemens

Leerders reik uit na minderbevoorregtes in die Vrystaat

MICHÉ NEL

Die Mnr. en Mej. Tralie-finaliste van 2018 het besluit om gedurende die derde kwartaal 'n gesamentlike gemeenskapsprojek saam met die VRL aan te pak.

Al die Tralies is uitgenooi om op 31 Julie hulle harte vir die minderbevoorregtes oop te maak, en 'n verskil in hulle lewens te maak.

Elkeen is die geleentheid gegun om warm klere, serpe, kouse en komberse skool toe aan te trek of saam te bring. Hierdie items is gedurende pouse ingeneem, en aan die *child welfare centre* asook ander minderbevoorregtes geskenk.

Coreen Hechter (Mej. Tralie) getuig: "Hierdie projek is 'n goeie geleentheid vir die Traliegemeenskap om 'n verskil in ander mense se lewens te maak, en ook bewus te word van die swaarkry wat sommige mense ervaar."

Dié finaliste het ook 'n tweede gemeenskapsprojek aangepak. Hierdie projek behels o.a. die insameling van nie-bederfbare voedsel.

Die Tralies wou egter vanjaar die projek na die platteland toe uitbrei. Al die kruideniersware is aan Ouma Darling se kombuis in Zastron geskenk waar die behoeftiges van dié area gratis 'n heerlike ete kon geniet.

Die leerders het die naweek van die 21e September Zastron toe gegaan om die kruideniersware te oorhandig en het ook gehelp om die kos voor te berei.

Terselfdertyd is daar 'n kinder-partytjie vir die kinders van dié gemeenskap gehou. Die tema was Trolle en die Tralies het met hulle snaakse uitrustings die kinders laat skater van die lag. "Daar is lekker koek geëet en 'n mens kon die dankbaarheid in die kinders se ogies sien," sê Coreen.

Die Tralies het ook die ouetehuis, Huis Vergesig, besoek. Daar is heerlik gesmul aan koek en tee saam met die spesiale dames van die Huis Vergesig se breiklub. Dit is 'n gebaar uit dankbaarheid vir dié dames se onbaatsugtige bydrae tot 'n vorige projek.

Die leerders het die inwoners met liedjies vermaak, en die inwoners het ook hulle eie konsert gehou. 'n Blinde oom het pragtig gesing terwyl hy klavier gespeel het.

Christiaan Duvenage (Mnr. Tralie) sê: "Ek het baie uit dié projekte geleer. Dit stel 'n mens bloot aan mense wat minderbevoorreg is, en laat jou besef hoe dankbaar jy eintlik moet wees."



Sakke vol benodigdhede word aan minderbevoorregtes uitgedeel. ***FOTO: Verskaf***

"Geskiedenis" is die toekoms

COMIEN VAN NIEKERK

Die Minister van Basiese Onderwys, mevrou Angie Motshekga, het vroeër in die jaar aangekondig dat daar oorweeg word om geskiedenis vanaf die jaar 2023 as 'n verpligte skoolvak vir graad 10- tot graad 11-leerders te implementeer. Sy voer aan dat as jy nie weet waar jou land vandaan kom nie, jy nie kan weet waarheen die land of sy inwoners op pad is nie.

Verskeie politici en historici het hul menings teenoor die verandering gelig. Die feit dat LO net wegval, en nie steeds as 'n vak aangebied word nie is verbysterend, want tot nou toe was LO die sentrale vak waarom alles moes draai.

Volgens bogenoemde bly LO 'n belangrike vak, want jy leer van aspekte van die lewe wat jy nêrens anders sou leer nie. Jy leer van menswees en selfontwikkeling.

Daar is ook baie argumente ten gunste van die insluiting van geskiedenis sodat die foute van die verlede nie noodwendig herhaal hoef te word nie.

Marius Roodt, veldtogbestuurder van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, sê: "Dit sal moeilik wees om die gehalte van geskiedenisonderrig te verseker."

Daar is dan ook talle vrae of dit objektief onderrig sal word sonder om die vak as 'n politieke instrument te gebruik om 'n sekere aspek van die land se geskiedenis te belig.

Dalk moet daar nie 'n keuse tussen dié vakke wees nie. Moet daar nie eerder besluit word hoe om die twee vakke sinvol te kombineer nie?

Eerste netbalspan se ritmiese vermoëns word beproef

JESSICA ONDERSTALL

Tydens 'n saalbyeenkoms het MTN die leerders met verskeie geskenke verras.

Beukes van Zyl, stigter van die *TEAMBO*-organisasie, en sy span het bottels, hoede en data-bondels van MTN aan die leerders uitgedeel. Van Zyl het verskeie vrae oor MTN aan die leerders gerig, en hierdié pryse is vir korrekte antwoorde toegeken. Groot opwinding het geheers.

Die area bestuurder van MTN, Sunette Els en Adele Roux (MTN-verteenwoordiger) het die byeenkoms gereël om die eerste netbalspan vir die SA-skole toernooi te motiveer.

Hierdié meisies het, onder leiding van die *TEAMBO*-span, ritmies met plastiekpype van verskillende groottes, kleure en toonhoogtes musiek gemaak.

Die skool het spontaan meegedoen om met behulp van die pype verskillende klanke en ritmes voort te bring. Die leerders in die saal is in agt blokke gedeel wat elk 'n verskillende kleur pyp ontvang het. Vir 'n oefenlopie het elke blok die ritme, wat Van Zyl uitgebeeld het, nageboots. "Ons doen spanbou op verskillende maniere om die beste in mense voort te bring," sê van Zyl.

Elke meisie het haar unieke plastiekpyp gehad waarmee sy haar eie ritme kon improviseer. Die ooreenstemmende groep in die gehoor moes haar ritme dan naboots om ten einde 'n harmonie te vorm.

Aanvanklik was die meisies senuweeagtig om met hul eie ritmes vorendag te kom. Van Zyl het egter gou die meisies op hul gemak gestel. Die gehoor het entoesiasties deelgeneem, en sodoende die meisies ook op hul gemak laat voel.

Die onderskeie ritmes het in die saal weerklink, en bygedra tot die aansteeklike positiwiteit wat in die saal geheers het.

Roné Hertzog (hulpdoel) meen: "Die samehorigheid van die leerders sal ek nooit vergeet nie. Dit was 'n uitdaging om met 'n oorspronklike ritme vorendag te kom."

Dit is die eerste keer dat 'n borg 'n span op die wyse voor 'n belangrike toernooi kom ondersteun en motiveer. Die spelers het ook elk 'n pragtige, vrolike geel sambreel ontvang wat nóg bygedra het tot MTN se goeie gebaar.

"Die besoek en welwillendheid van MTN het definitief die moraal van die span gelig, en die meisies gemotiveer om hulle beste te lewer op die pad na sukses," sê me. Suné Grobler (netbalaktiwiteitshoof).



Netbalballe maak plek vir TEAMBO se plastiekpype. ***FOTO: Verskaf***

Boeke verruil vir bietjie vars lug



Graad 9's trotseer die wind en weer van Hobhouse. ***FOTO: Verskaf***

BRINKE VAN DER MERWE

Die graad 9-leerders moes vanjaar 'n ekstra paar warm sokkies inpak om 'n koue Hobhouse se *On Track Adventures* te trotseer.

Sommige leerders was maar erg op hulle senuwees vir die onbekende, maar die vriendelike personeel het hulle dadelik op hulle gemak laat voel. Die leerders is bymekaar geroep en al die nodige reëlings is aan hulle deurgegee.

Me. Lee-Ann O'Neill en me. Anesta Smal, onderwyseresse aan die Hoërskool Sentraal, het die leerders vergesel en deurgaans aangemoedig. Die leerders moes aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deelneem. Dié aktiwiteite het o.a. goeie spanwerk, deursettingsvermoë en integriteit getoets. Die toutrek, ottergat, lantern-bekruip en die hindernisbaan het vele uitdagings behels.

Dit was me. O'Neill se eerste buitelugskool ervaring. "Dit was wonderlik om te sien hoe hierdie leerders die onderskeie aktiwiteite aanpak. Elke leerder moes aan aktiwiteite, waarvan hulle nie noodwendig gehou het nie, deelneem. Ek bewonder die leerders se uithouvermoë," meen sy.

Die buitelugskool ervaring is met 'n heerlike potjiekos kompetisie afgesluit. Dit het weereens die leerders se spanwerk en kreatiwiteit op die proef gestel. Al die spanne het baie moeite met die versiering van hul tafels gedoen. Die pers span se pot het behoorlik geprut en is as die lekkerste pot aangewys.

"Dit was lekker om net 'n bietjie weg te breek van die skool en toetse. Ek het so baie leerders beter leer ken, en dit was vir my een van die hoogtepunte van hierdie jaar," sê Dene Honiball.

Jong talent wys staal op die verhoog

Tienertoneel bied blootstelling aan die jeug van vandag

IRENE MARAIS


Die ATKV-Tienertoneel streekfees het in die Wynand Mouton teater te Bloemfontein plaasgevind. Die tienertoneelprojek se doel is om 'n liefde vir Afrikaanse toneelspel by hoërskoolleerders te kweek.

Daar was twintig tonele waarvan drie produksies, *Ou Nuus*, *Die Keuse* en *Konkoksie*, deur die Hoërskool Sentraal ingeskryf is. Erkende akteurs en aktrises word jaarliks genader om as beoordelaars op te tree. Dit was vir die Tralie-akteurs en -aktrises egter 'n groot voorreg om deur die bekende *7de Laan*-akteur en oud-Tralie, Wilhelm van der Walt, by hierdie fees beoordeel te word. Ilne Fourie, Bloemfonteinse aktrise, het na die produksie van *Ou Nuus* gesê: "Dit is vir my lekker om te sien hoe jong talent groei."

Die Keuse, geskryf deur Tjaart van der Walt (gr.12), 'n leerder aan die Hoërskool Sentraal, het bronssertifikate vir produksiestel en teks ontvang. Twee bronssertifikate is aan *Konkoksie* vir onderskeidelik dekor en beligting toegeken.

Oud-Tralie, Gerhard Steyn, is die regisseur van die produksie *Ou Nuus* wat agt bronssertifikate ontvang het. Dit is onderskeidelik vir algehele produksie, kostuums, klankbaan, teks en projeksie toegeken. In die produksie *Ou Nuus* het Irene Marais (gr.12) en Corné Greyling (gr.11) elkeen 'n bronssertifikaat vir toneelspel en Donoven Havenga (gr.8) vir dans ontvang.

Steyn het gesê: "Ek onthou toe ek nog in matriek was. Ons was slegs sewe wat vir die oudisies vir Tienertoneel opgedaag het. Ek het toe reeds besluit om terug te kom, en 'n verskil te maak. Vanjaar het meer as sestig leerders hulle name vir die oudisies opgegee."



Etgar Lutjens en Tjaart van der Walt wys hulle talent in die dramaproduksie, Die Keuse. ***FOTO: Verskaf***

Familie kweek suksesvolle musikante

KYLA LESSING

Joas en Ezelle Erasmus, het die afgelope jaar uitmuntende musiekprestasies behaal.

Joas is 'n gr.10-leerder aan die Hoërskool Sentraal. Hy speel in die Odeion Skool vir Musiek Camerata wat onlangs in Potchefstroom aan Aardklop deelgeneem het.

Dié orkes het 'n program van *Handel* se meesterwerke opgevoer, en is genomineer vir die beste musiekproduksie op die fees. Hy is ook gekies, na landswye oudisies, om deel te neem aan die nasionale Jeugmusiekkompetisie wat in Kaapstad gehou is.

Hy was by hierdie kompetisie een van die jongste deelnemers. Hy is ook tydens die kompetisie gekies as die belowendste speler van 'n strykinstrument, en het 'n prysgeld van R2 000 ontvang. "Ek geniet dit baie om op te tree, en sien baie uit om dit weer volgende jaar te doen."

Ezelle Erasmus, 'n oud-Tralie, is 'n 2e-jaar musiekstudent aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy het onlangs aan die *Rhapsody-in-Bloem* kompetisie deelgeneem, nadat sy in 2017 'n prys vir die gehoorgunsteling gewen het, en dus weer vir hierdie kompetisie gekwalifiseer het.

Ezelle speel ook in die Vrystaat se Simfonie Orkes. Sy is vanaf September 2018 gekies as konsertmeester van die Odeion Skool vir Musiek Camerata. Sy is ook gekies as lid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Jeug Orkes vir haar spel in hobo en viool.

"Ek geniet dit baie om voor mense te speel en op te tree. Jy móét elke liewe dag baie hard werk, want as jy selfs net een dag oorgeslaan het, is jy vêr agter, en moet jy amper weer van voor begin," sê Ezelle.

Voortrekkers is jolig tydens Doornkloof kamp

BRINKE VAN DER MERWE

Die Voortrekkers van die Hoërskool Sentraal het vanjaar aan verskeie aktiwiteite deelgeneem.

Na afloop van die tradisionele presidentsverkenners eksamen het die matrieks 'n kamp te Doornkloof bygewoon. Die matrieks wat die toets geslaag het, ontvang 'n diploma en is dan 'n volwaardige presidentsverkenner.

Gedurende die jaarlikse jeugberaad (Doornkloof) kon die 130 Voortrekkers wat ingeskryf het mekaar om 'n kampvuur beter leer ken. Die volgende dag het hulle hul kennis oor Suid-Afrika se geskiedenis verbreed. Daar is ook verskeie tradisionele speletjies vir die leerders aangebied soos kussinggeveg, kennetjie, vroteier en bok-in-die-hok.

In hulle vrye tyd, het elke Voriespan 'n *bucket list* aktiwiteite gekry om te voltooi. Een van die aktiwiteite het behels om die grootste piramide, wat slegs uit mense bestaan, te maak. Verder moes elke span hulle groepleier se identiteitsnommer memoriseer. Daar is ook gekyk watter lid van die span die langste kon gehoepel het sonder om die hoepel te laat val.



Kussinggeveg laat die vere waai. ***FOTO: Leopoldt Woityczka***

Die sowat 140 PD's (gr.7-Voortrekkers) wat dieselfde naweek hulle oriënteringskamp by Doornkloof gehad het, het vir die jeugberaad kom kuier. Tydens hulle besoek is hulle op 'n nagmars saam met die hoërskoolvoortrekkers geneem. Die doel hiervan was om die graad 7-Vories ook opgewonde oor hoërskoolvoortrekkers te maak. Die jeugberaad het verder vir die PD's 'n konsert gehou. Die konsert het die onderskeie grade se kampe uitgebeeld om hulle ook sodoende aan te moedig om in die hoërskool met Voortrekkers aan te gaan.

Daar is tot laatnag gesokkie terwyl ander Vories net rustig om die kampvuur gesit en gesels het. "Ek het baie nuwe vriende gemaak. Ek het geleer hoe om hard te werk en dat harde werk met sukses beloon word," sê Leopoldt Woityczka, die gebiedsjeugraadvoorsitter en 'n leerder aan die Hoërskool Sentraal.

Die jaarlikse kommandokamp te Mooigenoeg het die naweek van 14 September plaasgevind. Die Vories het aan 'n verskeidenheid aktiwiteite o.a. *musical chairs*, *twister*, *noot vir noot* en *dare pong* deelgeneem. "*Dare pong* was vir my die lekkerste, want almal het deelgeneem en almal moes iets buite hulle *comfortzone* gedoen het," sê Hendrik van der Walt (kommandojeugleier).

Spel is regtig nie vir sissies nie

NADIA HAVENGA

Die jaarlikse ATKV-Spelathon Vrystaat uitdunrondte is weer vanjaar op 14 Augustus by die Hoërskool Sentraal aangebied.

Die Hoërskool Sentraal het 4 leerders in die junior afdeling en 6 leerders in die senior afdeling ingeskryf. 36 junior leerders van regoor die Vrystaat het mekaar die stryd aangesê om deel te wees van die top 2 leerders wat in Oktober vanjaar aan die nasionale rondte deelgeneem het.

In die senior afdeling was daar 42 leerders wat hulle oë op die twee gesogte posisies gehad het.

Leandri du Plessis (gr. 9) het as algehele wenner in die junior afdeling uit die stryd getree met haar wen woord *impliseer*.



Leandri du Plessis en me. Nellie de Beer. ***FOTO: Verskaf***

Lucille Carmen Bray (gr.10) het die senior afdeling met die woord *kamermusiekensemble* gewen.

Lucille en Leandri het tydens die ATKV-Spelathon nasionale finaal weereens gewys waar Dawid die wortels gegrawe het.

Lucille het die senior afdeling gewen terwyl Leandri 4e in die junior afdeling geëindig het.

Tydens die jaarlikse WOW-spelfees het Tralies van graad 8-10 soos oudergewoonte beïndruk. Gedurende die provinsiale rondte wat op 30 Augustus by Laerskool President Brand aanvang geneem het, het die Hoërskool Sentraal in beide die gr.9- en gr.10-afdeling as wenners uit die stryd getree. Leandri en Alicia Cilliers, beide in gr.9, het onderskeidelik 'n 1e- en 3e-plek behaal. In die graad 10-afdeling het Lucille met die louere weggestap terwyl Marnus Moolman (gr.10) 'n 2e-plek behaal het, en Janné Kleynhans (gr.10) 'n 4e-plek behaal het.

Al 5 hierdie Tralies het deurgedring na die WOW-spelfees finaal wat op 20 Oktober in Stellenbosch plaasgevind het. Lucille het 'n 4e-plek in die gr.10-afdeling behaal. "Dit was 'n geleentheid om my taalvaardighede uit te brei en beslis nie 'n mors van tyd nie. Ek het baie uit die ervaring geleer," sê sy.

Dansbonanza dateer vanjaar uit vervloë era

1960-1980 soos nog nooit vantevore opgevoer deur entoesiastiese juniors



Die graad 9C-klas herleef die 1990's tydens die dansbonanza. Hulle het as graadwenner uit die stryd getree. ***FOTO: Verskaf***

NEDINE NAUDÉ

Die jaarlikse dansbonanza is 'n geleentheid wat niemand sommer mis nie. Die gr.8- en 9-leerders het weereens die verhoog aan die brand gedans.

Elke klas was uniek, en het die gehoor byna sprakeloos gelaat. Die ou treffers waarop die leerders gedans het, het oud en jonk uit volle bors laat saamsing, en so 'n besondere atmosfeer geskep. Daar is ook geen twyfel dat die leerders oorgenoeg gees na die verhoog gebring het nie.

Die Tralie-onnies het die gehoor verras met unieke optredes. Die Grafsteen sangers, ballet dansers, *Riekie Tiekie in my sweetpakbroek* en laastens die Stoute Ses het die gehoor laat skaterlag. Dit is nie aldag dat jy jou onderwyser in 'n tutu sien nie.

Soos in enige kompetisie is daar natuurlik iemand wat as wenner uit die stryd tree. In beide die graad 8- en 9-afdelings het die C-klasse met die louere weggestap. Die algehele wenner van die aand was die graad 8C's wat die 1990's besonder uitgebeeld het. Die graad 8D's ontvang die toekenning vir die beste liedjie terwyl die graad 8A's as die kreatiefste klas aangewys is.

"Party leerders se persoonlikhede *clash* en sommige weier om te dans, maar die eindproduk was die moeite werd. Vir my was die groot hoogtepunt om te sien hoe almal saamwerk," sê me. Lee-Ann O'Neill (koördineerder).

PROFIEL

Leerder leef sy emosies in toneelstuk uit

KYLA LESSING

"Al my tyd in die jaar is opgebruik. In matriek word ons gebombardeer met nuttelose skoolvakke, buitemuurs, toetse, eksamens, sosialisering, bestuurderslisensies en wie weet wat nog."

Tjaart van der Walt, 'n matriekleerder aan die Hoërskool Sentraal, het die drama *Die Keuse* self geskryf. Dit is op 10 Augustus in die Wynand Mouton teater deur hom en mede-Tralies opgevoer, en was deel van die ATKV-Tienertoneel kompetisie. Tjaart het gepoog om die emosionele stryd, wat die meeste matriekleerders in die gesig moet staar, realisties in teks om te skakel.

Die Keuse handel oor 'n matriekseun wat moet kies tussen 'n loopbaan in rekeningkunde of drama. Sy hart en sy kop word as twee karakters uitgebeeld, en wys op die stryd wat in hom woed terwyl hy opsoek is na wie hy is, en wat hy wil wees.

Sy logiese denke is om ná skool rekeningkunde te gaan studeer aangesien hy 'n goeie salaris sal verdien, en makliker werk sal kry. Sy hart meng egter in, en probeer hom oortuig om sy passie te volg: drama.

Die drama het baie terugvoer ontvang veral van ander matrikulante wat 'n soortgelyke keuse moes maak. Irene Marais, matriekleerder aan die Hoërskool Sentraal, sê: "Tjaart se drama het my van die begin af in trane gehad omdat dit die keuse is wat ek ook moet maak.

Die stryd tussen 'n persoon se hart en kop is uitstekend in hierdie drama uitgebeeld. Dit was besonder eg en het my herinner dat my drome belangrik is."

Tjaart wil volgende jaar drama studeer en hoop om sy skryftalent te ontwikkel deur nog dramas te skryf wat deur die Tralies opgevoer kan word.

"My ondervinding met die drama wat ek geskryf het, het 'n vlam in my aangesteek wat ek nie kon voorspel nie. Dit het vir my 'n manier geword om my emosies beter te verstaan. Teaterwerk is vir my een van die mooiste kunsvorms bloot omdat jy jou belewenisse met 'n gehoor kan deel, en iets vir hulle kan voordra waarmee hulle sal kan identifiseer."



Tjaart van der Walt in Die Keuse. ***FOTO: Verskaf***

Geen vrees vir die wêreldverhoog

NADIA HAVENGA

Die talentvolle Lalla du Plessis (gr. 9) en Donoven Havenga (gr. 8) het die internasionale verhoog tydens die Wêreldkampioenskap vir uitvoerende kunste (WCOPA) in Los Angeles betree. Dit volg nadat die 2 leerders vroeër vanjaar by die *South African Championship of Performing Arts* (SACOPA) gekwalifiseer het om Suid-Afrika by die strawwe kompetisie te gaan verteenwoordig.

Die twee Tralies het van 2-18 Julie deelgeneem, en het ten spyte van die talentvolle internasionale teenstanders, saam 10 medaljes verower. Du Plessis meen: "Die standaard was baie hoog. Jy kompeteer teen die beste van die bestes. Ons het dag en nag geoefen om vir die kompetisie voor te berei."

Du Plessis het 4 silwermedaljes onderskeidelik vir *tap* duet en solo sowel as vir *musical character* duet en solo ontvang. Sy het ook 'n bronsmedalje vir *jazz* solo verower. Havenga het 3 silwermedaljes vir ballet, *tap* duet en *musical character* duet ontvang. Hy het ook 2 bronsmedaljes vir uitmuntende kontemporêre- en *tap* solo's verower.

Dié Tralies se uitmuntende prestasies het boonop hul plek in 'n splinternuwe realiteitsreeks, *Hollywood hier kom ek*, besorg. Dié regisseurs het Du Plessis, Havenga en 11 ander Suid-Afrikaanse deelnemers tydens die wêreldkampioenskap in Amerika gevolg, en is vanaf 30 Oktober op VIA, kanaal 147, uitgesaai.

Voor die kompetisie begin het, het dié Tralies 'n werkswinkel waar hulle die voorreg gehad het om kinders van reg oor die wêreld te ontmoet, wat dieselfde passie vir uitvoerende kunste geniet, bygewoon.

"Die kompetisie was nogal intimiderend, maar dit was lekker om te kan doen waarvoor jy lief is. Dit was ook vreeslik lekker om ander talentvolle dansers van Ierland, Nederland, Australië en selfs Amerika te ontmoet," meen Havenga.



Lalla du Plessis en Donoven Havenga is 'n goeie danspaar. ***FOTO: Verskaf***

My Japan sit die liggies by die graad 11's aan

COMIEN VAN NIEKERK

Op 1 Augustus het André Stoltz Produksies die graad 11-voorgeskrewe drama, *Op die planke: My Japan*, deur Schalk Schoombie in die Hoërskool Sentraal se skoolsaal op die planke gebring. Die graad 11-leerders is dankbaar vir die hulp met die visualisering van dié "deurmekaar" drama.

Die geselskap het uit jong akteurs en aktrises bestaan wat die graad 11's gehelp het om hul te vereenselwig met die storie. Die akteurs se uitbeelding van die fiktiewe karakters het vir die graad 11's 'n beter prentjie van die leefwêreld van die karakters geskets. Die gebruik van beligting, byklanke en ander spesiale effekte het gehelp om die terugflitse beter te kan verstaan. Die uitbeelding van Elzette (Goth) as buitestander, is met 'n treffende danstoneel uitgebeeld. Hanno Strauss sê: "Die beligting en byklanke het die drama vir my na 'n werklikheid laat voel."

Die graad 11's het hulle gate uit geniet. "Die vertoning was regtig *cool*. Die akteurs wat spontaan kan begin huil, was baie *nice*," sê Lise-Mari Pretorius. Die dekor was simplisties met slegs een stoel op die verhoog. "Die drama was vir my effens deurmekaar, maar nadat ek die opvoering gesien het, is alles vir my baie duideliker," sê Enric Smith.

Wie se spore is dit?

Gemaak om spore na te laat



MICHÉ NEL

Daar is twee monumentale gebeurtenisse in 'n mens se lewe wat soos 'n paal bo water uitstaan – jou eerste en laaste, begin en einde. Ja, jou geboorte en jou dood.

Elke 24 uur word die wêreld met 360 000 nuwe lewens geseën. In daardie selfde 24 uur is daar 151 600 geliefdes wat die wêreld vir 'n laaste keer moet groet. Al wat ons eintlik het, is die grys area tussenin – die gedeelte wat jou kleurryke lewe vol van dilemmas, hartseer en tragedie, maar ook opwinding, wonderwerke en euforie vorm.

'n Mens kan egter nooit seker wees hoe lank jou tyd hier op aarde gaan wees nie. Die lewe is onverwags. Jy weet nooit wanneer God jou lewensdraadjie gaan knip nie. Vandag… môre… oor 50 jaar…

Jy pak elke dag tree vir tree aan, maar het jy al ooit gestop en teruggekyk op die spore wat jy nalaat? Daagliks maak jy keuses: keuses wat van jou karakter getuig, keuses wat jou waardes reflekteer, keuses wat spore nalaat.

Watter spore laat ons as 'n matriekklas vir die volgende generasies na? Integriteit? Eerlikheid? Vriendelikheid? Respek?

Elkeen moet eendag rekenskap vir sy aksies gee. Trap spore van geregtigheid, en omgee, want jy weet nooit wie in jou spore gaan volg nie.

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Alles in die lewe bestaan uit siklusse en so is daar ook nog 'n siklus van die Tralie Varia voltooi.

Na 'n jaar van harde werk, bloedsweet en trane kan elke lid van die Tralie Varia beslis hul kop hoog hou. Elkeen het werklik hulle kant gebring om nog 'n puik koerant te lewer.

In hierdie uitgawe word daar op 'n nuwe begin vir die Hoërskool Sentraal gefokus. Die nuwe hokkie-astro staan en pronk en 'n belangrike vakverandering wat gaan plaasvind, is op die punt van menige Tralies se tonge.

Daar word ook uitgebrei oor die begin van 'n nuwe tradisie vir die graad 12-leerders naamlik: *Glory Days*. Sentraal neem vir die eerste keer deel aan 'n nuwe kompetisie, die *Wesgrow Sentrale Skolereeks*, en deel



die trofee as die algehele wenners.

Ons spog met uitmuntende oorwinnings wat ons op provinsiale-, nasionale,- en internasionale vlak behaal het.

Die eerste netbalspan verower die bronsmedalje gedurende SA's en een van die Tralies, Refiloe Nketsa, word vir die SA o.17-netbalspan gekies. Die skuts doen hulle naam tydens die SANSSU in Engeland gestand.

Die lewe bestaan uit verskeie siklusse. Nou is dit die einde van my avontuur as redakteur, maar ook die begin van 'n nuwe era.

Ek groet met 'n swaar hart die merkwaardige redaksie wat my vanjaar bygestaan het om 'n sukses van die koerant te maak met die wete dat ek die vaandel in goeie hande oorlaat. Dankie vir julle harde werk en toewyding.

Ek sal altyd 'n spesiale plek in my hart vir die Tralie Varia koester.



SMS jou gedagtes en WEN 'n prys! 076 344 0005



REDAKSIE 2018

REDAKTEUR
Miché Nel

SUBREDAKTEUR
Franco Smit

NUUS BLADREDAKTEUR
Jané Appel
KULTUUR BLADREDAKTEUR
Kyla Lessing
JOERNAAL BLADREDAKTEUR
Franco Smit
SOSIAAL BLADREDAKTEUR
Irene Marais
SPORT BLADREDAKTEUR
Jessica Onderstall

JOERNALISTE
GRAAD 10
Nedine Naudé, Nedine Theron
GRAAD 11
Marizelle de Winnaar
Nadia Havenga, Petrus Marais
Comien van Niekerk
Brinke van der Merwe

FOTOGRAWE
GRAAD 9
Christine Human
GRAAD 11
Leopoldt Woityczka
Hendrik van der Walt
Ansu-Maré Potgieter
Saughrette du Toit
GRAAD 12
Jané Pienaar, Johke Smit
Rulie van der Merwe
Jessica Onderstall

SPOTPRENT:
Brinke van der Merwe

Geagte Redakteur

Die einde van nog 'n jaar in Tralieland kruip nader, maar dit lyk egter nie asof die matrikulante van 2018 op ons gelukkige einde geregtig is nie.

Dit blyk te wees dat *40-days* slegs 'n sprokie van die verlede is. Ag wat, ons kan dit seker net volgende jaar vier. Dis nie asof 'n mens net een keer in matriek is nie…

Dit het wel die geleentheid vir die ontstaan van 'n nuwe tradisie, *Glory Days*, geskep, maar ons moet dalk nie die kar voor die perde span nie. Ons sal nog sien of dié tradisie sal voortbestaan.

Liewe Redakteur, kan iemand asseblief net vir arme mnr. Hans help om sy bos sleutels te vind. Na verskeie aankondigings, soektogte en prysgelde is hy ook nog nie nader aan 'n antwoord nie.

Ja, indien jy gewonder het, dit is die blou wat die astro gaan wees. Dit is nie net die *under coat* nie. Die pawiljoen spog nou met 'n splinternuwe afdak. Hopelik sal meer leerders nou die sportgeleenthede bywoon en nie vroeg verdwyn nie. Sommige Tralies is mos allergies vir die son.

Op 'n ander noot kan volgende jaar se leerderraad die graad agt's sommer van die begin af leer om die ssskoollied reg te sssing? Die eindelose preke tydens saalperiode is nou al regtig holruggery.

Dan is daar nog een laaste gedagte: "Is dagga nog steeds die inding noudat dit wettig is?" Dalk moet iemand by die *Cloud Gang* gaan hoor…

- Uitgesproke Tralies

Geslagsgelykheid kom by skool onder die loep

Onlangse opname wys dat die Hoërskool Sentraal wel die regte balans het

FRANCO SMIT

Die wêreld is in Oktober 2017 stomgeslaan toe die kontroversiële *#MeToo* beweging vir die eerste keer na vore gekom het.

Dié beweging het nié net 'n bewustheid oor hoë-profiel persoonlikhede se traumatiese ervarings geskep nie, maar in breë ook oor geslagsgelykheid.


Geslagsgelykheid word beskryf as die ideaal waarin toegang tot regte en geleenthede nie deur 'n persoon se geslag beïnvloed word nie. Dít is een van dié grootste kwessies in ons moderne samelewing.

'n Steekproef is onder die graad 10- en graad 11-leerders gedoen om hulle mening oor dié onderwerp te bepaal. Verskeie vrae is aan beide geslagte gestel terwyl sommige vrae slegs op een geslag van toepassing is.

63% van die leerders is van mening dat geslagsgelykheid wel 'n realiteit in die Hoërskool Sentraal is. Die meerderheid leerders het egter negatief oor dié vraag, *dink jy seuns en dogters behoort gemeng in die saal te sit*, gevoel, en slegs 16% was ten gunste van dié idee.

Die voorstel dat sommige sportsoorte soos rugby, krieket en netbal beide seun- en dogterspanne behoort te hê, het ook negatiewe reaksie ontlok met 68% daarteen gekant.

Die vraag of dogters daarop geregtig is om 'n kort- of langbroek te dra, het die kleinste omvangswydte getoon met 44% ten gunste van die idee, en 56% wat voel dat die tradisionele skoolrok voldoende is.



Die Tralieseuns het duidelik hulle opinie laat hoor met 68% van die manlike respondente wat voel dat die huidige skoolreëls definitief 'n meer moderne/hedendaagse haarstyl sal moet toelaat.

Dié steekproef mag dalk net die oortjies van die seekoei wees, maar dit bevestig dat kwessies aangaande geslagsgelykheid in Tralieland maar in die doofpot gestop kan word.

RESENSIE

Sweetener dra by tot Ariana Grande se gewildheid

Genre: Pop
Aanbeveling: 8.5/10

PETRUS MARAIS

Ariana Grande se reis, van 'n wonderkind aktrise na 'n ervare en volwasse sangeres, is 'n aangrypende verhaal. Grande se goue stem is onmiddellik herkenbaar as gevolg van haar besondere sangtalent.

Na haar vorige twee albums, *My Everything* en *Dangerous Woman*, albei goed, maar nie gefokus nie, het Grande 'n uitklophou benodig om haar plek as een van die wêreld se voorste musikante te behou. Haar nuutste album *Sweetener* het opslae gemaak toe dit die rakke op 17 Augustus 2018 getref het.

Wanneer van Ariana Grande gepraat word, dink 'n mens onwillekeurig terug aan die Manchester bomaanval, en die optredes wat gevolglik gekanselleer moes word. *Sweetener* is vrygestel net 18 maande na dié aanval, en is sterk geïnspireer deur die gebeurtenis.

Na die traumatiese ervaring voel Grande se musiek meer opreg. Die tragedie word gebruik om diep en betekenisvolle boodskappe met 'n melodieuse toon in die musiek weer te gee.

Dié album is nie net nog 'n pop-album met 'n *funky* ritme nie.



Talentvolle Ariana Grande nie net nóg 'n mooi gesiggie nie. ***FOTO: Verskaf***

Maak só 'n sukses van eksamen

FRANCO SMIT

Die meerderheid leerders word gedurende eksamentyd deur hulle ouers forseer om te studeer en vir eers alle stokperdjies op sy te sit. Leerders se gesindheid teenoor leer word dikwels hierdeur geaffekteer, en veroorsaak dat leerders dié katjie sonder handskoene aanpak.

Daar is onderskeidelik met die toppresteerders in graad 10-12 gesels om hulle ingesteldheid en wenke t.o.v. eksamenvoorbereiding te bepaal.

Miché Nel (gr.12) se raad aan die Tralies is om 'n leertegniek te gebruik wat vir jóú werk en nie noodwendig vir jou vriend nie. "Elke persoon is uniek, en moet dus op 'n manier studeer wat vir hom/haar gepas is." Ouditiewe leerders sal byvoorbeeld makliker leer indien hulle 'n *voice note* oor 'n elektroniese toestel maak, en dié dan oor en oor vir hulself speel.

Franco Smit (gr.11) meen die kern van eksamenvoorbereiding is om jou tyd te beplan, en effektief te gebruik. "Beplan jou tyd só dat jy altyd seker is jy het genoeg tyd om vir 'n eksamen/ toets voor te berei."

Olivia van Wyk (gr.10) het die Tralie Varia meegedeel dat sy glo 'n stil en rustige leeromgewing is fundamenteel om vir 'n eksamen voor te berei.

"'n Mens kan net werklik studeer as alle items wat jou aandag kan aflei, verwyder is. *Instagram* gaan jou verseker nie Newton se bewegingswette laat baasraak nie."

TATE TRANSPORT
Jaco Liebenberg 082 416 8037
Oranjestraat 6 Bloemfontein
www.tatetransport.co.za

Afskeid wat gr. 12-eregaste sal onthou

Matriekleerders sê totsiens, maar nog nie finaal vaarwel nie

IRENE MARAIS

Die matriekafskeid van die Hoërskool Sentraal het onder die hemelligte in die natuurskoon by *Urth Garden Centre* in Bloemfontein plaasgevind.

Die tema *Enchanted Forest* is kreatief uitgebeeld met pragtige feëtjieliggies wat die tuin verfraai het. Die rooitapyt, wat die matrikulante verwelkom het, het deur die tuine tot in die onthaallokaal gekronkel. Familie,vriende en belangstellendes kon die pragtige matriekafskeidrokke bewonder.

Die dansvloer is tradisioneel deur die hoofmeisie en hoofseun, Leila Champion en Mardo Botha, saam met hulle onderskeie metgeselle, geopen. Die skoolhoof, mnr. Anton Janse van Rensburg, het die verrigtinge met die voorlees van 'n gedig geopen. Leila en Mardo het ook elkeen 'n kort emosionele, motiverende toespraak gelewer waarna me. Wilma Laux (onderwyseres) 'n tafelgebed gedoen het, en die voorgereg deur die graad 11-leerders bedien is.

Die dansvloer en onthaaldekor het ure se harde werk en kreatiwiteit geverg. Hendré Böhme, 'n leerder aan 'n hoërskool in die Noordwes provinsie wat die matriekafskeid bygewoon het, het gesê: "Daar is baie moeite gedoen met die versiering van die onthaalsaal en dit was 'n unieke ervaring om tussen die plantegroei te dans. Daar het 'n jolige atmosfeer geheers."

Sentraal groet die matriekklas van 2018 met die woorde van mnr. Janse van Rensburg: "Gaan dan nou my jong vriend, gryp die dag, leef groot, offer jou drome - net vir geluk."



Matriekdogters wuif Tralieland vaarwel met hulle oë gerig op die toekoms. ***FOTO: Verskaf***

Vure omtower binnehof in woestynland

MARIZELLE DE WINNAAR

Opgewonde en opgetof het die "Arabiere" en hulle metgeselle by die verjaarsdagbal opgedaag. Vanjaar se tema vir die bal was *Arabian Nights* en is deur die koor en SMA-orkes aangebied.

Die saal is in 'n sprokiesagtige Arabiese woestyntoneel omskep. Die saal is met kleurvolle materiaal versier en daar was selfs Arabiese kastele op die verhoog geteken. Fyn feetjieliggies, wat om die pilare en drapeersels gedraai was, het die saal verlig. In die dogtersvierkant het die vrolike geknetter van vure die leerders genooi om lekker te gesels en saam te kuier.

Dit was 'n baie gesellige aand en die leerders het hulle gate uit geniet. Vriende en verliefdes kon heel aand op die maat van die musiek dans. "Dit was 'n asemrowende aand met aangename herinneringe wat nooit vergeet sal word nie," het Corné van Wyk (gr.11) gesê.


Een van die hoogtepunte van die aand was definitief toe die liedjie *Cotton Eye Joe* begin speel het, en al die leerders ritmies op die liedjie begin saamdans het. Selfs die leerders wat besig was om buite te sit, het hulle na binne gehaas om by die res aan te sluit, en saam die lyndans te doen.

Met so 'n tema het elke leerder hul eie toweragtige stukkie herinnering van 'n sprokiesaand huis toe geneem. "Die aand was sprokiesagtig. Ek het gevoel soos prinses Jasmine op haar towertapyt," het Berischka Fourie (gr.11) gesê.

Koshuisbrak wees is 'n groot fees

NEDINE NAUDÉ

Daar is geen twyfel daaraan dat Eie Haard koshuis 'n 2e huis is wat vir almal 'n tuiste bied nie.



Die koshuiskinders is wel bekend vir hulle talent om pouses kos te bedel. Gelukkig is daar een week in die derde kwartaal, bekend as die koshuisweek, waar elke koshuisinwoner pouses 'n heerlike bederfie kry. Gedurende dié week is die bedelaars nie so volop op die stoepe nie, en kan die stadskinders in vrede hulle toebroodjies geniet.

Daar is een funksie welbekend waar die koshuiskinders bymekaarkom en mekaar se geheime ontrafel. Die *Blaf Awards* vind jaarliks in die derde kwartaal plaas waar die nuutste skindernuus nie meer 'n geheim is nie. Of jou vriend nou genomineer is vir die morsigste eter van die jaar of selfs die sluiper van die jaar, kan jy nie anders as om te lag nie. Die saal, pragtig versier soos *Alice in Wonderland*, het selfs toesighoudende personeel in verwondering gelaat. Na afloop van die funksie het die redaksie mnr. Cobus Odendaal (koshuisvader) se arm gedraai en daar is heerlik gesokkie.

HiB Hurter INSURANCE BROKERS
Hurter Brokers · Bompartstraat 9 · Westdene
Sel: 082 202 4799

Laaste skooldae word *Glory Days* vir 2018-matrieks

IRENE MARAIS

Die 2018-matriekklas het met 'n nuwe konsep, *Glory Days*, vir 'n ou tradisie vorendag gekom, en die nuwe lirieke op die *40-Days*, se melodie geskryf.

Glory Days is op vanjaar se matrikulante se laaste skooldag vir die eerste keer ingewy, en het 'n suksesvolle dag van somerson, waterspele en geesvang ingesluit.

Die ou tradisie van *cross-dress* het steeds 'n integrale deel van hierdie dag gevorm. Vir die eerste deel van die skooldag het die gr.12's hulle normale skooldagroosters gevolg, maar die afwagting op die feestelike aktiwiteite daarna was vir hierdie leerders moeilik om te weerstaan.

Die *Glory Days*-verrigtinge het begin, en die matriekleerders het van 'n opblaasglybaan tot in die swembad gegly. Mnr. Nico J van Rensburg, dissiplinêre hoof en onderwyser, het die leerderraad gelukgewens en gesê: "Dié dag was 'n groot sukses, en positiewe terugvoer is ontvang."

Dié nuwe tradisie vervang die vorige *40-Days*-afskeid wat landwyd 'n negatiewe konnotasie het, maar bevat steeds belangrike sentimentele aktiwiteite wat eie is aan die Hoërskool Sentraal.

Die *Countdown* is die groot oomblik in matriek waarna elke Tralie van graad 8 af uitsien. Dit is die laaste tien sekondes voor die skoolklok, van 'n formele skooldag, vir die laaste keer vir die gr.12-leerders lui. Dié tien sekondes word deur die matrieks afgetel, en voorafgegaan met passievolle geesvangkrete.

Dit is 'n hoenderveloomblik wat die res van die skool nie in 'n miljoen jaar wil mis nie.



Rhyno Kriek geniet die opblaasglybaan op sy laaste skooldag. ***FOTO: Hendrik van der Walt***

Hoofleiers deel hulle feite en geite

JESSICA ONDERSTALL & IRENE MARAIS

Die hoofleiers van die Hoërskool Sentraal vir 2017/2018, Mardo Botha en Leila Champion, het die uitdagings en avonture waarmee hulle gekonfronteer is met die Tralie Varia gedeel.

Gedurende die tydperk as hoofleiers het hulle verskeie lewenslesse geleer soos dat hulle eie stuikelblokke nie die alfa en omega in die lewe is nie.

Leila het in 2017 van 'n perd afgeval, en ernstige beserings opgedoen. Sy was lank afwesig, en het soms baie mismoedig gevoel. Leila het bewoë gesê: "Ek het tydens detensie met leerders gesels, en besef dat die lewe en die wêreld nie net om jou probleme draai nie, en dat 'n mens ander se gevoelens in ag moet neem."

Die skoolreëls plaas baie druk op hulle. Mardo het gesê dat hy 'n paar dinge anders sou doen: "Ek sou minder ernstig oor kleiner reëls gewees het, en meer op die leerders se maniere en respek vir mekaar gefokus het."

Hiérdie ervare hoofleiers bied onderskeidelik raad vir die nuwe hoofleiers aan. "Coreen, die enigste ding wat jy sal kan verander, is jouself. As jy twyfel oor iets moet jy weet dit is verkeerd. Luister na jou hart en nie na ander se opinies nie," meen Leila.

Mardo het voorgestel dat Johan van die begin af take goed moet delegeer: "Gebruik jou leerderraad soveel as moontlik; daar ís 23 mense wat net so goed kan werk."

"My grootste fout hierdie jaar was toe ek onwetend voorgestel het dat die dissipline deur 'n sekere onderwyser gehandhaaf moet word, en toe eers besef het dat ek my mening aan die huidige dissiplinêre hoof gelug het, en dat dit totaal verkeerd uitgekom het," vertel Mardo.

Leila het gebloos toe sy van haar en 'n ander seunsparty se onskuldige glips vertel het: "Ons is op heterdaad deur 'n onderwyseres betrap, en het punte vir liefkosing op die skoolgrond gekry."

"Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op die nuwe hoofleiers se skouers. Vat elke dag soos dit kom, en doen net jou beste," sê Mardo.

Pas die verwarde graad 8-leerder by nuwe leier



WOORDSOEK

Skandeer vir al die antwoorde...

- ASTRO
- BYEKORF
- DANSBONANZA
- EINDEKSAMEN
- GESKIEDENIS
- GESLAGSGELYKHEID
- JEUGBERAAD
- KAMPIOENE
- LEERDERRAADSKAMP
- MATRIEKAFSKEID
- SPELATHON
- SWEETENER
- TIENERTONEEL
- VERJAARSDAGBAL

W	E	J	V	A	F	S	G	G	A	I	E	Z	C	N	D	S	M
D	N	D	E	E	R	J	N	V	H	S	Q	S	T	E	R	P	A
S	E	W	S	U	R	N	W	O	K	N	T	I	Y	M	O	E	T
E	O	I	K	Q	G	J	S	S	Q	D	E	R	B	A	G	L	R
K	I	V	B	I	D	B	A	Z	V	N	M	T	O	S	Y	A	I
N	P	W	M	P	P	Z	E	A	E	G	F	B	T	K	V	T	E
P	M	A	K	S	D	A	A	R	R	E	D	R	E	E	L	H	K
X	A	X	U	A	P	F	T	X	A	S	A	A	Z	D	U	O	A
E	K	B	Y	E	K	O	R	F	K	A	D	O	D	N	Z	N	F
Q	G	X	D	U	N	D	U	G	N	B	D	A	Y	I	H	E	S
B	R	E	N	E	T	E	E	W	S	D	P	X	G	E	W	V	K
H	Y	G	E	S	K	I	E	D	E	N	I	S	W	B	V	K	E
H	A	L	C	V	R	G	P	D	P	A	Q	W	V	G	A	N	I
G	E	S	L	A	G	S	G	E	L	Y	K	H	E	I	D	L	D
A	Z	N	A	N	O	B	S	N	A	D	Y	Y	G	A	J	F	B

tralievaria.tk
Skandeer dié QR-kode vir al die antwoorde, asook om na die hulp-video's te kyk.

Ouma se boererate

HIK:
Rook hoendervere.

KRAMPE:
Sit jou regterskoen voor die linkerskoen neer, sodat die een se toon na die ander een se polvy kyk.

SPROETE:
Melk 'n perd, en was die gesig twee keer per dag met die melk.

SEER KEEL:
Bind 'n warm sokkie om jou nek

SLEGTE MAAG:
Laat 'n volstruismaag sonder vlies een week lank in 'n bottel port lê, haal die maag uit, en drink daarna elke dag 'n glasie.

OM GEWIG TE VERLOOR:
Eet elke dag olyfolie op 'n snytjie graanbrood

BLOEDING:
As jy in die veld is, kan jy spinnerakke aansmeer.

BORS WAT TOETREK:
Smeer ongebleikte linne met bokvet, strooi skoorsteenroet daaroor, en plaas op die aangetaste area.

VERKOUE:
Buk 'n paar keer vooroor, en maak jou skoene los. Vars bloed loop dan na die kop, en die probleem verdwyn.

Hoe om te skandeer:

Om die *QR*-kode in die regterhoek hierbo te skandeer, laai 'n skandeer-app van jou app-stoor af.
Op *Android* kan jy *Google Goggles* gebruik (wat baie ander dinge ook kan skandeer) en op *iOS* word *Quick Scan* of *RL Classic* aanbeveel.
Op die webtuiste kan julle ook hulpvideo's vir hersiening vind!

Nuwe hoogtes word op die rugbyveld bereik

Stukkende tokse, seer lywe en bloedneuse was beslis vanjaar die moeite werd

MARIZELLE DE WINNAAR

Vanjaar het ses van Sentraal se rugbyspanne in hulle onderskeie finale aan die liga deelgeneem. Die finale het by Shimlapark plaasgevind, en na baie maande se harde werk, bloed en sweet het drie van Sentraal se spanne koning gekraai.

Die o.14A-span het definitief vir hulle opponente gewys wie is baas. Die span het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt, en het vir Jim Fouché met 'n skitterende telling van 34-0 geklop. Die o.15A- en o.16A-span het albei gedurende die seisoen hard gewerk, maar kon toe ongelukkig nie hulle laaste wen in hulle onderskeie finale teen Jim Fouché deurtrek nie.

Die o.19C-span is vanjaar ook een van die spanne wat met die louere weggestap het. Hulle het 'n uitmuntende wedstryd gespeel, en wen Fichardtpark 17-10. Verder het die o.19B-span definitief 'n naelbytwedstryd teen HTS Louis Botha gehad. Na die eerste helfte was die Tralies 17-5 agter, maar dit het hulle egter nie gestuit om die beker huis toe te bring nie. Tydens die 2e helfte het die span uitstekende rugby gespeel, en klop HTS aan die einde met 'n pragtige telling van 27-17.

Die eerstespan het 'n klipharde wedstryd teen HTS gespeel. Hulle het hulle bes gedoen, maar kon ongelukkig nie wen nie, en eindig die seisoen as naaswenners met 'n telling van 15-47. "Ek is baie trots op ons span wat gedurende dié seisoen soveel herinneringe gemaak het," het Heinrich Kotzé (kaptein) gesê.



Die o.19B-rugbyseuns vier fees na hul senutergende oorwinning teen HTS Louis Botha. ***FOTO: Christine Human***

Elke 'perd' kry ook sy dag in die Traliegemeenskap

NEDINE NAUDÉ

Daar word gesê dat 'n hond 'n persoon se beste vriend is, maar daar is baie mense wat stof sal opskop oor hierdie stelling. Die afgelope jaar het twee ruiters naamlik Este Erasmus (gr.9) en Shaylee Myburg (gr.10) Vrystaatkleure verwerf.

Este is gekies om op 15 September aan die Mangaung distrik kompetisie deel te neem waartydens sy 'n 3e-plek behaal het. Sy is ook gekies vir die *South African Western Mounted Games Association*-span wat die Vrystaat op nasionale vlak verteenwoordig het. Die kompetisie het einde September plaasgevind, waartydens sy opgegradeer het na 'n vlak 2. Sy ry op haar perd *Sugar* wat haar getroue spanmaat is.

Shaylee het op 23-25 Augustus aan die Vrystaat saalperd streekskou te Bloemfontein deelgeneem. Sy het as 'n lid van die Vrystaatspan die volgende string toekennings verwerf: 2e-plek in driegang-plesierperd-18 jaar, 4e-plek in driegang-kinderryperd-18 jaar, 2e-plek in vyfgang-kinderryperd-18 jaar, 1e-plek in kindersiertuig-18 jaar, 2e-plek in grootkampioen driegang-plesierperd (volwassenes), 3e-plek in grootkampioen driegang-kinderryperd-18 jaar, en 'n 3e-plek in grootkampioen vyfgang-kinderryperd-18 jaar. Tans skou sy *Tims Applause*, *Pardon my Dust*, *Gotcha* en *Magic Moments*. "Perdry bring rustigheid in my lewe, en dit verg net daardie special bond wat jy nie altyd in ander sportsoorte ervaar nie," sê Shaylee.

Ongeag die voor- en nadele, die opklim en afval, bly perdry die tuiste wat vir baie meer as 'n stokperdjie is.



Shaylee Myburg op die rug van Pardon my Dust tydens 'n vyfgang-kinderryperd-18 jaar. ***FOTO: Verskaf***

Netbal bereik hulle droom

MICHÉ NEL

Die eerstespan het tydens die Vrystaat netbalkampioenskap skoonskip gemaak. Dit is die 12e agtereenvolgende jaar wat die eer die Hoërskool Sentraal te beurt val.

Melissa Boshoff, onderkaptein van die eerste netbalspan, getuig: "Ons sukses kan definitief aan elkeen se positiewe gesindheid en deursettingsvermoë toegeskryf word, en ons sou dit ook nie sonder juffrou Poedels se hulp en vasberadenheid kon behaal nie."

Die o.14-span het die toernooi op 'n hoë noot begin deur hulle eerste 4 wedstryde te wen. Hulle het egter in die finaal skraps teen Jim Fouché met 'n eindtelling van 14-17 verloor. Die o.14-span eindig 2e in die Vrystaat. Die o.15-netbalspan het ook puik presteer, en al hulle wedstryde gewen. Hierdie span word ook as die Vrystaatkampioen aangewys, en kwalifiseer vir die *Motsepe Cup SA's*. Tydens hierdie toernooi wen Sentraal 6 uit 8 wedstryde en dring deur na die semi-finaal. Dié span eindig algeheel 4e in Suid-Afrika.

Die o.14- en o.19-spanne het na die Suid-Afrikaanse skolekampioenskap deurgedring. Die o.14-span het na 'n paar strawwe wedstryde 19e geëindig. Die o.19-span het tydens dié toernooi uitstekende spel gelewer, en eindig onder die top 8 en kwalifiseer sodoende vir die *SASN School Sports u/19 netball championships* te Wits universiteit.

Besoek **tralievaria.tk** vir die volledige uitslae.

Oud-skoliere speel steeds met trots

NADIA HAVENGA

As deel van die Hoërskool Sentraal se 113e-verjaarsdagvieringe het oud-Tralies die geleentheid gehad om weer, soos in die verlede, teen mekaar netbal en rugby te speel.

Op 25 Augustus het dié dag 'n aanvang geneem met die oud-Tralienetbalwedstryd. Tralie netbalspeelsters van onderskeidelik die vyfjaar- en tienjaar reüniegroep het mekaar die stryd aangesê. Tydens hierdie vriendskaplike wedstryd is daar geen telling gehou nie, maar met die ondersteuning van mede-oud-Tralies, ouers en selfs 'n voormalige eerste netbalspanafrigter, me. Retha Erasmus, het die vyfjaar reüniegroep met die louere weggestap.

Na afloop van die netbal was dit tyd vir die oud-Tralierugby, en moes dié spelers hulle staal op die veld wys. Tydens hierdie wedstryd het die spelers meer as een rustyd benodig, en is hulle eindelik met die nare waarheid van die ouderdom in die gesig gestaar. Weereens is daar geen telling gehou nie. Die toejuiging en ondersteuning van die skare het die manne egter gemotiveer om tot aan die einde soos waardige Tralies te speel.

Die dag is op 'n hoë noot afgesluit toe die twee spanne, saam met hulle ondersteuners en ouers, *I'm a Tralie till I die* uit volle bors gesing het. Mnr. Jorrie Grobler, voormalige afrigter van dié oud-Talies, meen: "Dit was lekker om die ou manne weer op die veld te sien."

Van HotWheels tot Oval Track tydens die SA's

Mark du Toit stuit vir niks en maak groot geraas op die renbaan

PETRUS MARAIS

Mark du Toit, gr.11, het op 6 Oktober aan die Suid-Afrikaanse *Oval Track* kampioenskap te Bloemfontein deelgeneem.

Hy behaal 'n 5e-plek. *Oval Track* is 'n motorresies wat op 'n geslote ovaalvormige baan plaasvind. Die sportsoort trek wêreldwyd duisende toeskouers.

Mark sê sy mikpunt is om 'n 1e-plek by die SA's te verower asook om teen die beste renjaers deel te neem. Verder wil hy graag aan die Klein Karoo kampioenskap in Oudtshoorn deelneem. Hier is 'n unieke "trofee" op die spel – 'n volstruiseier met 'n foto van die vorige jaar se renmotor op.

Nog 4 lede van sy familie neem aan die energieke sportsoort deel. Die grootste deel van hul resiesmotors word deur hulself gebou. Hy is nou al vir 'n wyle 'n bobaasbestuurder en het die eerste keer bestuur toe hy omtrent 6 jaar oud was. Mark het op 7 met motorsport begin, en beplan om dit 'n professionele loopbaan te maak.

Mark vertel: "My *Oval Track*-loopbaan het 'n kort rukkie voordat ek 13 geword het begin, toe ek my broer se resieskar geërf het."

Mark beplan om vir nog 2 jaar aan *Oval Track* deel te neem voordat hy in Amerika aan *Sprint Cars* gaan deelneem. Hy droom daarvan om 'n 1e-plek in die wêreld te behaal.



Mark du Toit, in sy vuurwarm vuurwa, waai sy vlag met trots omhoog. ***FOTO: Verskaf***

Skuts maak naam in London



Skuts besoek talle besienswaardighede tydens hulle toer. ***FOTO: Verskaf***

PETRUS MARAIS

Die *England British Junior Internationals* is aangebied deur die *National Small-bore Rifle Association (NSRA)*. Die kompetisie is by Camp Bisley, Surry in Engeland gehou, en is deur skuts van Suid-Afrika, Skotland, Turkye en natuurlik Engeland bygewoon.

Gedurende Augustus het drie leerders aan die Hoërskool Sentraal naamlik: Adriaan Badenhorst (gr.10), Nicolaas Jansen van Rensburg (gr.10) en Tiaan de Wet (gr.12) deel uitgemaak van Suid-Afrika se Suid-Afrikaanse Nasionale Skole Skutters Unie. Dié span het o.l.v. mnr. Nico Jansen van Rensburg (spanbestuurder) aan bg. kompetisie deelgeneem.

Die luggeweerskiet word in drie afdelings verdeel: sporter luggeweer, presisie luggeweer en lugpistool. Die eerste 2 word verdeel in: 3 posisies (nl. lê, staan en kniel) asook 10m staan. Die leerders het uitsonderlik presteer en selfs die Britte ore aangesit.

Tydens die amptelike 3p-kompetisie het Tiaan 'n 4e-plek, Nicolaas 'n 6e-plek, en Adriaan 'n 7e-plek behaal.

Gedurende die finaal was die uitslae as volg: Adriaan het 'n 1e-plek, Nicolaas 'n 6e-plek, en Tiaan 'n 7e-plek behaal.

In die amptelike 10m-kompetisie presteer die skuts as volg: Adriaan 1e, Nicolaas 3e en Tiaan 6e. In die 10m finaal was Adriaan 5e, Tiaan 6e en Nicolaas 7e. Mnr. Jansen van Rensburg sê: "Ek is baie trots op die drie Sentraal leeders. Ondervinding kan nie met geld gekoop word nie."

Die *Big Ben*, *Mercedes Benz World,* en die *Thorpe Theme Park* is o.a as 'n welverdiende beloning deur die skuts besoek.

Op eie bodem het die skuts gedurende die Oktobervakansie aan die nasionale kampioenskap in Newcastle gaan deelneem.

Besoek **tralievaria.tk** vir die volledige uitslae.

Vrystaat gimnaste ding op nasionale vlak mee

NEDINE THERON

Die afgelope Oktobervakansie het leerders aan die Hoërskool Sentraal uitgeblink tydens die SA-gimnastiek spele in Pretoria. Hierdie spele is die hoogtepunt van elke gimnas se seisoen.

Tuimel, 'n vloer item, was eerste aan die beurt met elke gimnas wat twee roetines moes uitvoer. Die hoeveelheid elemente in elke roetine verskil na gelang van die vlak waarin hul deelneem. Jan-Albert Mostert (graad 10) het gesorg vir 'n goue medalje in vlak 8. Tiana Grobbelaar (graad 8) het 'n bronsmedalje in vlak 4 verower en Leila Theron (graad 8) behaal 'n 4e-plek in vlak 5. Franco van Tonder (graad 9) verseker vir homself 'n 4e-plek in vlak 6 en laastens sorg Nedine Theron (graad 10) vir 'n 5e- plek in vlak 6.

Die gimnaste het ook aan trampolien, wat in twee sub-afdelings naamlik dubbel mini trampolien en euro trampolien gedeel word, deelgeneem. Elke gimnas moet twee voorgeskrewe en twee eie keuse roetines in beide afdelings doen. Vlakke word ook volgens die moeilikheidsgraad bepaal. Ben-Arthur Stander (graad 11) het 'n 7e-plek vir dubbel mini vlak 7 verower en 'n 7e -plek in euro vlak 7 gekry. Leila Theron het 'n 14e-plek in dubbel mini vlak 5 en 'n 13e-plek in die euro vlak 4 verower. Nedine Theron het 'n 4e-plek in die dubbel mini vlak 5 en 'n 5e-plek in die euro, vlak 5 gekry.

Ben-Arthur is ook ingesluit in die Federasie span wat 2-4 November 2018 in Pretoria gaan deelneem teen Afrika lande soos Namibië, Botswana, Zimbabwe en Malawië.

PROFIEL

Fifi verdedig haar plek tot in die SA o.17-span

JESSICA ONDERSTALL

Refiloe Nketsa (Fifi), 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Sentraal, is 'n uitstekende netbalspeelster.

Sy is gedurende die Junievakansie as lid van die SA o.17-span in die posisie as hoofdoelverdediger gekies. Hierdié span sal Suid-Afrika volgende jaar in Nieu-Seeland gaan verteenwoordig.

Die toerkostes beloop R35 000 per speler. Op 26 en 27 Oktober is daar 'n *Wattbike* by die *Sports Perfomance Clinic* by *Pretty Gardens* gehou om Fifi se oorsese droom te verwesenlik.

Fifi hoop om eendag professionele netbal te speel terwyl sy fisioterapie of biokinetika studeer. Haar grootste droom is om vir die Proteaspan te speel, en haar rolmodel is die Suid-Afrikaanse netbalspeelster Karla Pretorius (HV).

Fifi meen: "Karla motiveer my om harder te werk, en my beste te bereik, want sy speel altyd asof dit haar laaste wedstryd is."

Sy is op haar gelukkigste wanneer sy sien hoe haar spanmaats saamwerk en die wedstryd ten volle geniet.

Fifi maak staat op haar waardes, want sy vertrou op God wanneer sy struikel, en weet dat sy altyd goeie keuses moet maak. As sy nou met jonger spelers kon praat, sou sy sê: "Gebruik elke uitdaging, want dit sal jou nie net as speler laat groei nie, maar ook as mens."



Fifi oefen hard om haar doelwitte te bereik. ***FOTO: Leopoldt Woityczka***

Tralie Varia Sport 2018

sportkalender

2-3 November	Gimnastiek: Streek 5	PRETORIA
10 November	Atletiek: Meestersbyeenkoms	BLOEMFONTEIN
10-13 Desember	Swem: SA-skolebyeenkoms	JOHANNESBURG
14 Januarie	Krieket o.19A vs Grey B	BLOEMFONTEIN
16 Januarie	Kleure atletiek	HOËRSKOOL SENTRAAL
18 Januarie	Bloemfontein skole interhoër	BLOEMFONTEIN
19 Januarie	*Varsity Cup*	SASOLBURG
21 Januarie	Krieket o.19A vs HTS	BLOEMFONTEIN
28 Januarie	Krieket o.19A vs Fichardtpark	BLOEMFONTEIN



uit my oogpunt...

Die jaar staan einde se kant toe, en steeds laat die Tralies hulle op die sportveld geld. As ek terugkyk na die afgelope jaar se sportbedrywighede was dit verseker 'n suksesvolle jaar.
Sentraal se 1e-netbalspan is vir die 12e-agtereenvolgende jaar die Vrystaatbeker wenners. Hulle verower ook 'n bronsmedalje op die *SA School Challenge* toernooi. Op die rugbyveld wen die o.14, o.19B en o.19C hul onderskeie ligas. Ons fietsryspan presteer ook goed waar Chante Olivier die nasionale kampioen in haar ouderdomsgroep is.
Dankie aan elke Tralie vir julle positiewe gesindheid.

Eben ry dat die stof so staan

Aspirant motorfietsryer het groot drome vir die toekoms in sy visier

MARIZELLE DE WINNAAR

Eben van Rooyen (gr.8) het vanjaar aan die WOMZA (*World of Motorsport South Africa*) Vrystaatstreek *Motocross*-kampioenskap sowel as die MSA (*Motorsport South Africa*) *National Motocross*-kampioenskap begin deelneem.

Albei die kampioenskappe strek oor 'n tydperk van een jaar. Die streekkampioenskap bestaan uit agt rondtes waarvan vier reeds voltooi is. Die nasionale kampioenskap bestaan uit sewe rondtes waarvan vyf voltooi is. In die vier streekrondtes het Eben drie algehele 1e-plekke en een algehele 2e-plek behaal. Hy stap as die wenner in sy klas vir dié winterkampioenskap weg. Hy is gekies om die Vrystaat gedurende September in die grootste *Motocross*-kampioenskap in Suid-Afrika te verteenwoordig. Hier behaal Eben 'n algehele 6-plek.

Drie jaar gelede het Eben toevallig verby Bloemfontein se *Motocross*-baan gery. Daarna het hy maande lank elke naweek gaan kyk hoe hulle oefen, en het hy sy eerste motorfiets aan die einde van 2016 gekry. Hy geniet elke sekonde op die motorfiets. "As ek op die motorfiets is, voel ek absoluut vry. Dit is asof niks saak maak nie, behalwe daardie sekonde wat jy by elke draai, elke sprong en elke hobbel vinniger wil ry," het Eben gesê.

Hy is tans in die top 15 in sy klas in Suid-Afrika, en werk hard om voor die einde van die jaar in die top tien te wees. Die top vyf kry nasionale kleure, en dit is sy mikpunt vir volgende jaar.



Eben van Rooyen is nie bang vir val nie, en behaal groot sukses op die motocross-baan. ***FOTO'S: Verskaf***

eerste geluk motors
egm
Eerste Geluk Motors
Oliver Tamboweg 99
Bloemfontein
Tel 051 447 2680
www.egmonline.co.za